“Dikwels sit ek en die Nederlander sy aan sy”: Transnasionale diskoerse en postkoloniale betreding in Azille Coetzee se *In my vel* (2019) - **Reinhardt Fourie** (University of South Africa)

In 2019 verskyn Azille Coetzee se niefiksieteks, *In my vel*. Die boek, ’n relaas van ’n Suid-Afrikaanse nagraadse student se studiebesoek aan Amsterdam, word baie positief ontvang. Die skrywer word onder meer beskryf as “’n dapper skrywer wat haarself [...] blootlê, en wat haar eie verhaal gebruik om ons te laat besin” (Koorts 2019), terwyl die teks geprys word as “’n boek wat vir alle wit Afrikaanssprekendes voorgeskryf behoort te word” (Burger 2019). Lof vir die boek is egter nie universeel nie. Bettina Wyngaard (2019) beskou die boek vanuit ’n kritiese oogpunt, bevraagteken die aanslag, en beskou dit meestal as “nooit meer as ’n intellektuele oefening nie”. In hierdie ondersoek word ’n bestekopname gedoen van die resepsie van *In my vel* ten einde die gesprek rondom die teks te situeer binne transnasionale stromings. Hierop volg ’n analise van die teks, wat spesifiek toegespits word op die verteller se wisselende ervarings van Nederland, en haar tuisland, Suid-Afrika – twee ruimtes wat deurgaans “sy aan sy” (Coetzee 2019, 119) teenoor mekaar gejukstaponeer word. Die teks se konstruksie van ’n soort Diets-Afrikaanse witheid word geproblematiseer om te bepaal of die teks werklik aanduidings toon van ’n soort naïewe postkoloniale betreding, en of dit tog ’n geslaagde bevraagtekening van rasse- en genderdiskoerse in Suid-Afrika en Nederland daarstel.